


# TJOKKERSKOOL



## LAERSKOOI THABAZIMBI

Posbus 72  
Thabazimbi  
0380



Beste ouers

Ons tema vir die volgende 4 weke handel oor kos. (Koningskos) Die volgende komponente van kos word gedek: gesonde/minder gesonde kos; vrugte; groente; plaasdiere; vleis; eiers; melk; graan-soorte; suiker; tafelmaniere.

Ruimtelike begrippe: agterkant, voorkant

Kleure: pers en wit

Beweging: Balanseeraktiwiteite; eenbeentjie: staan met oop oë en toe oë; spring op linker- en regterbeen.

Syfervaardighede: Meting: Inhoudsmate: -teelepel, koppie, liter, knippie/knypie, gram, kilogram.

Tyd: Maande van die jaar; seisoene van die jaar

Woordeskat: watter getal is; groter/meer; kleiner/minder as \*

(sekere getal)  
Tel: 0-10; getal 6 word aangeleer. Asook eerste tweede tot sesde.  
(kardinaal tel)

Informele getalbewerking: Plus en minus van getalle tot 6 asook +; - tekens.  
Groepe van 2/3 en wat bly oor

Breuke: - deel in die helfte; halwes; die helfte. Laat leerders vrugte in helftes deel

Simboolherkenning en skryf: -0,1,2,3,4,5,6,+ =

Vormherkenning: Sirkel, ovaal, vierkant, reghoek, driehoek, diamant en eiervorm

Klankherkenning en skryf: w,t,p,a,m,s,b,o,j; uitklap van sinne in woorde; uitklap van woord in spraakgrepe.

Wenke: Laat jou kind soms dinge doen soos hy/sy wil. Dit leer hom/haar dat hul 'n kop op hul lyf het en kan dink.

Gee aan hul verantwoordelikhede wat by hul ouderdom pas.

Moedig hul aan om inisiatief te gebruik.

Laat hul toe om foute te maak en die gevolge te dra. (Indien nie gevaarlik)

Tjokkergroete